higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

LANDBOUBESIGHEID
NKR VLAK 3

(1011033)

21 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.
5. Skryf netjies en leesbaar.

NCV

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Om bosluise op sekere van die diere te tel, word monsterneming genoem.

1.1.2 In 'n lukrake monster het alles 'n gelyke kans om 'n monster in die bevolking te wees.

1.1.3 Om gemengde ouderdomme, vroulike en manlike bokke in verskillende kampe te plaas en een kamp ewekansig te kies, word 'n trossteekproef genoem.

1.1.4 Om 'n monster van 75% vroulike en 25% manlike diere lukraak uit 'n bevolking van 75% vroulike en 25% manlike diere te kies, word gestratifiseerde steekproefneming genoem.

1.1.5 Sistematiese monsterneming is eenvoudig om te doen en daar is nie 'n geneigdheid tot foute nie.

1.1.6 Monsterneming van blare van verskillende bome word kwotasteekproefneming genoem.

1.1.7 Verkenning beteken om plae en siekte te soek en dit aan te teken.

1.1.8 Die waterinhoud van vrugte en groente kan gebruik word as rypheidsindeks.

1.1.9 Om toerusting te olie en te was ná gebruik, word instandhouding genoem.

1.1.10 Die gehalte van die verskeie produkte op 'n plaas word in 'n logboek aangeteken.

(10 × 1) (10)

1.2 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord(e) in te vul. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 'n ... is 'n skriftelike verslag om mense in te lig oor dinge wat gebeur het of bespreek is.

1.2.2 'n Boer ontvang sy ... uit verkope bv. avokadoverkope.

1.2.3 Die ...prys is wanneer vraag en aanbod gelyk is.

Kopiereg voorbehou

1.2.4 … is hoeveel van 'n produk verbruikers bereid is om teen 'n gegewe prys te koop.

1.2.5 ... koste kan verander, maar nie in die korttermyn nie.

(5 × 1) (5)

1.3 Gee EEN woord/term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 'n Dokument/Plan wat die hoeveelheid geld wat gebruik gaan word en die hoeveelheid wat in 'n sekere tydperk verdien moet word, aandui

1.3.2 Die finansiële term vir die punt waar inkomste gelyk is aan die koste aangegaan

1.3.3 Die geld wat gebruik word om 'n wins te maak of die besigheid suksesvol te maak

1.3.4 'n Ander naam vir 'n werksplan

1.3.5 Dienste en strukture wat 'n plaas moet hê om glad te funksioneer

(5 × 1) (5)

NCV

1.4 Kies 'n item of woord uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.4.1	'n Persoon wat geld bestuur en geldsake bestudeer	A	bewaringsbewerking
1.4.2	Kleiner gemeenskappe wat deur ekonomiese, politieke of ander gemene belangstellings saamgesnoer word	B	boerderygrondbewaring
1.4.3	Handel wat net tussen twee lande plaasvind	C	bewys van plantegesondheid
1.4.4	Handel tussen meer as twee lande plaasvind	D	sertifikaat van oorsprong
1.4.5	Die manier waarom lewende dinge met hulle omgewing in interaksie is	E	ekonoom
1.4.6	Al die plante, diere, swamme en mikro-organismes in 'n spesifieke gebied	F	blok
1.4.7	'n Praktyk wat nutriëntverlies en gewasskade minimeer	G	bilaterale handel
1.4.8	Verhoed dat onvervangbare landbouhulpbronne deur dorpe en stede wat uitbrei en meer grond in beslag neem, verlore gaan	H	multilaterale handel
1.4.9	'n Sertifikaat wat verlang word voordat spek, dierehare en heuningprodukte ingevoer kan word	I	ekologie
1.4.10	'n Dokument wat deur sekere lande in die buiteland vir tariefdoeleindes vereis word	J	biodiversiteit

(10 × 1) (10)
[30]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 2

Die volgende tabel is 'n rekord van kostes aangegaan deur GADI Boerdery-onderneming. Gebruik die inligting om die vrae te beantwoord.

KOSTES	WAARDE
Water en elektrisiteit	R1 800,00
Bemarkingskoste	R9 500,00
Voer	R13 500,00
Saailinge	R1 300,00
Telefoon	R800,00
Huurgeld	R1 500,00
Kontrakkostes	R1 300,00
Kunsmis	R2 000,00
Plaagdoder	R5 000,00
Gehuurde vervoer	R600,00
Lone	R3 500,00
Brandstofkostes	R3 300,00
Versekering	R700,00
Herstelwerk	R1 300,00

2.1 Teken die tabel hier onder in die ANTWOORDBOEK oor en noem of kostes VAS of VERANDERLIK is.

KOSTES	VAS	VERANDERLIK
Water en elektrisiteit		
Bemarkingskoste		
Voer		
Saailinge		
Telefoon		
Huurgeld		
Kontrakkostes		
Kunsmis		
Plaagdoder		
Gehuurde vervoer		
Lone		
Brandstofkostes		
Versekering		
Herstelwerk		

(14)

2.2 Bereken die boer se totale koste vir die jaar. (3)

2.3 Hierdie besigheid was nie baie winsgewend nie omdat sy kostes te hoog was.

Gee TWEE voorstelle hoe die boer kostes kan besnoei. (4)

Kopiereg voorbehou

2.4 Die boer ontvang R60 000.00 uit verkope.

Bereken die opbrengs op die belegging. (6)

2.5 Is dit 'n goeie opbrengs op belegging? Gee rede vir jou antwoord. (3)

[30]

VRAAG 3

Wins in die besigheid word gewoonlik gemaak deur behoorlike beplanning en implementering van planne. Beantwoord die volgende vrae:

3.1 Trek en verduidelik kortliks 'n grafiek wat gelykbreek illustreer. (8 + 6) (14)

3.2 Gee VIER redes waarom boere werksplanne nodig het. (4)

3.3 Noem en verduidelik DRIE faktore wat kan veroorsaak dat 'n werksplan verander. (3 × 2) (6)

3.4 Jy is die bestuurder van 'n skaapstoetplaas met 300 merino-ooie en 16 ramme. Jy is verantwoordelik vir die behoorlike bestuur van arbeid om produktiwiteit te verhoog. Die tabel hier onder dui take aan wat op die plaas uitgevoer moet word en die tydsduur waarin elke taak voltooi moet word.

TAKE UITGEVOER	DUUR VAN DIE TAAK
1. Inspekteer waterpunte	Een keer per week
2. Voer stoetramme	Twee keer 'n dag, 1 uur per voeding
3. Doseer skape	Deurlopend, soos nodig
4. Tel skade en hou rekords by	Tel elke kamp een keer per maand
5. Skeer skape	Sewe dae per jaar
6. Opgradeer damme en watertrôe	Tien dae per jaar

3.4.1 Identifiseer TWEE take in die tabel hier bo wat deur elk van die volgende arbeiders uitgevoer moet word:

a. Permanente arbeiders
b. Tydelike arbeiders (2 × 2) (4)

3.4.2 Noem EEN taak in die tabel hier bo wat rekenaarvaardighede vereis. (1)

3.4.3 Identifiseer die mees nieherhalende taak wat deur die arbeiders uitgevoer moet word. (1)

[30]

VRAAG 4

4.1 Voltooi die volgende kontantvloeistaat van BK Vars Produkte soos op 1 April 2018

KONTANT-INVLOEI	JANUARIE	FEBRUARIE	MAART	TOTAAL	
Verkope	R15 000,00	R18 000,00	R22 000,00	**1.**	(2)
TOTALE INVLOEI	**2.**	**3.**	**4.**	**5.**	(4)
KONTANT-UITVLOEI					
Insetkoste	R7 000,00	R8 000,00	R15 000,00	**6.**	(2)
Lone	**7.**	R2 000,00	**R2 000,00**	R6 000,00	(2)
Bemarkings-koste	8.	R1 000,00	R1 000,00	**9.**	(2)
Markopname	R1 000,00	**10.**	**11.**	R1 000,00	(2)
TOTALE UITVLOEI	**12.**	**13.**	**14.**	**15**	(8)
NETTO KONTANT-VLOEI	**16.**	**17.**	**18.**	**19.**	(8)

[30]

VRAAG 5

5.1 Volhoubaarheid is die vermoë van die besigheid om in die toekoms voort te gaan.

Beskryf VIER aanduiders van volhoubaarheid. (4)

5.2 Die regsomgewing is die stelsel van wette wat 'n besigheid beïnvloed.

Noem DRIE aspekte wat die wet in 'n landboubesigheid aanspreek. (3)

5.3 Verduidelik kortliks die DRIE vlakke van omgewingsvolhoubaarheid. (3 × 2) (6)

5.4 Sosiale volhoubaarheid beteken om óm te sien na sosiale kapitaal en dit op te bou.

Verduidelik kortliks die vlakke wat na sosiale kapitaal lei. (6)

5.5 Noem enige DRIE geboue en enige DRIE strukture wat 'n boer in 'n boerderybesigheid in stand moet hou. (6)

Kopiereg voorbehou

5.6 'n Groep skaapboere in jou gebied wil hulle wins verhoog en 'n volhoubare mark hê. Hulle het die volgende moontlike markte vir produkte te geïdentifiseer.

- Klein slaghuise
- Groot supermarkkettingswinkels
- Plaaslike mense wat direk van die plaas af koop
- Veilings

5.6.1 Identifiseer die mees volhoubare mark vir skaapvleis uit die lys hier bo. (1)

5.6.2 Gee TWEE redes om jou antwoord in 5.6.1 te ondersteun. (2)

5.6.3 Identifiseer 'n mark uit die lys hier bo wat die hoogste sekuriteitsrisiko vir skaapvleis het. Staaf jou antwoord. (2)
[30]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou